Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

5 Augustus 2018

OGGENDDIENS: Prof. Naas Ferreira

Tema: Dus – Jy wat bely dat jy ‘n Christen is. Weet jy / besef jy … dat: Jy baie bly moet wees wanneer jy swaarkry? Nog nie? Kom luister wat die Here deur Jakobus bekendmaak. Jy kan ook gerus 1 Petrus 1 hieroor gaan lees.

Ons is veronderstel om dit te weet (vers 3), maar besef ons dit regtig? Die lewe vir God se kinders – hier op aarde – is nie bedoel om maanskyn en rose te wees nie. Die Here het geen belofte hieroor aan Sy kinders gemaak nie. Dit is ‘n leuen wat deur die Satan en hedendaagse voorspoeds-teoloë aan liggelowige mense opgedis word. God se Woord maak dit eerder duidelik dat God se kinders veronderstel is om te weet dat hulle aardse lewe ‘n lewe van toetsing (beproewing) sal wees en daarom. Ook ten opsigte van aardse rykdom!!

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Lied 525: 1, 2 en 3 (Here hoe blymoedig); Votum, Seën; Loflied: Ps 66-1: 1 en 2; Geloofsbelydenis

Verootmoedigingsdiens
Wet; Antwoord op die wet: Sing Sb 2-4: 1 en 3 (Wat ‘n liefde); Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Jakobus 1: 1-11 (’83 vertaling)
Teks: Jakobus 1: 3
Sing: Ps 46: 1 en 6; Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed; Liefdesgawes; Slotsang Lied 588: 1, 2 en 3 (O God van hoop, gee ons u vrede); Seën; Amenlied Sb 13-3.

GROEPBEDINING

Ons Woordbediening vind vanaand in kleingroepe plaas. Daar kom ook ‘n groep om 17:00 by die kerk bymekaar.

MEELEWING

- Nansi de Klerk (Groep 1 - 072 199 6339) is nog in Pretoris-Oos-hospitaal, maar dit gaan baie beter.
- Oom Ed Coetsee (Groep 39 - 082 415 4961) is nog baie swak, maar sterk reeds tuis aan.
- Rita Schutte (Groep 27 - 082 654 2811) sterk tuis aan nadat sy geval en ribbes gebreek het.
- Oom Ab Yssel (Groep 11 - 082 078

4608) herstel nog nadat hy geval en hom ernstig beseer het. Ons is dankbaar dat hy beter is, maar sy gesondheid is nog nie na wense nie.

- Riette Myburgh (Groep 24 - 083 412 9526) het behandeling ontvang en is ons dankbaar dat dit baie beter met haar gaan.

Ons bid dat die Here beterskap/bemoediging en troos sal gee.

BID ASB SAAM – AUGUSTUSMAAND

Ons dank die Here vir die gawe van gebed.

- Ons dank die Here vir mense wat Hy gewillig en bekwaam maak om by sekere bedieninge betrokke te raak.
- Ons bid vir Hanno van Schaik vir die leiding wat hy moet neem ivm die na-skoolse jongmense en dat hy medewerkers sal kry wat hart en siel saam sal bid, beplan en uitvoer.
- Bid asb vir Chris de Bruyn wat homself beskikbaar gestel het om o.a leiding te neem met die skoolgaande kinders en vir die samestelling van 'n groep of medewerkers wat hom sal help sodat die jeugbediening ook die regte voorbidding, aandag en ondersteuning sal geniet.

Gee asb. gebedsverhoring m.b.t die gemeente se bedieninge deur aan Elsie Ferreira (072 449 1982)

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Janet vd Walt, Isak vd Walt, Tjaart Snyman, Bert Floor, Jacoba v Rooy, Magdaleen Venter, Andy en Blossom Pretorius en Koos en Marlene Jooste.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel hierdie week vir: siekes@oosdoppers.co.za of Hendrik vd Walt (079 022 2526)

BAIE GELUK

Pieter en Susan Lourens het die afgelope Maandag weer oupa en ouma geword van 'n kleindogter, Ansunè. Mag sy vir julle baie vreugde en liefde bring!

PROGRAM VAN DIE WEEK

Vandag

09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Kleuterbediening
Katkisasie, les 16
Tee en Koffie in die Skuur
10:40 Buitengewone Kerkraadsvergadering
Groepbediening

Dinsdag

18:00 Katkisasie gr 11

Woensdag

17:30 Katkisasie Gr 8 - Jaco Lemmer
17:30 Katkisasie Gr 10 - Herman Stavast

Donderdag

Vrouedag

Vrydag
Skoolvakansiedag

AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid (Zapper betaal-metode beskikbaar)
- Gawe by die deure vanoggend vir die Emeritusfonds.
- Gawes volgende Sondag vir die Teol studentekas.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit in die bussies by die deure.
- Diensbeurte: Groep 8 en 9.

DS PIET LANGVERLOF REëLINGS: 2 Julie - 3 September

1. Eredienste: al die eredienste soos geskeduleer op die Jaarkalender gaan voort en sal deur ds Pieter van der Walt, prof Herrie van Rooy, prof Naas Ferreira en ander besoekende predikante waargeneem word.
2. Pastorale versorging. Ds Pieter van der Walt neem verantwoordelikheid vir die pastorale sorg. Vir tye wat hy moontlik nie beskikbaar is nie, sal die skriba/kerkkantoor pastorale sorg na ander beskikbare predikante verwys. Lidmate moet asb enige pastorale behoefte via hulle groepouderling of die Kerkkantoor onder die kerkraad se aandag bring.
3. Bybelstudies:

- Die twee-weeklikse Woensdagoggend Bybelstudiegroep sal deur prof Herrie van Rooy waargeneem word.
- Die twee-weeklikse Woensdagaand Bybelstudie groep sal op hulle eie voortgaan soos onderling gereël is.
- Die Klipdrift Bybelstudiegroep sal onder leiding van ouderling Koot van der Walt voortgaan.

4. Weekskatkisasie: Die weeklikse Gr 11 klasse gaan voort soos ds Piet met die katkisante en hulle ouers gereël het. Engela van der Walt (Kinderfeesbediening) en Prof Naas Ferreira neem van die klasse waar.
5. Die weeklikse Dinsdagoggend 6:00 Mannegroep aan huis van ds Piet sal vir hierdie tydperk nie bymekaar kom nie (die manne kry in elk geval swaar om vroeg in die winterkoue bymekaar te kom).

GAWEVEILING

Baie dankie aan almal wat deel was van ‘n heerlike kuier-geleentheid. Dankie vir skenkings en ondersteuning, ons waardeer dit opreg.

Gaweveiling span

KINDERFEES 2018

Ons Kinderfees is om die draai en ons spring nou aan die werk.
Hoekom **ons?** Want dit is ons Oosdoppers wat hierdie geleentheid aan die kinders in ons gemeenskap bied! Daar sal dikwels so 'n oproep in die Dienelkander verskyn vir hulp.

Kinderfees VLAGGIES

Twee vrywilligers het aangebied om te help stik aan die vlaggies. Baie dankie.
Daar is ongeveer 400 wat gemaak moet word. Dit is 'n soompie sig-sag aan die 3 kante. U sal voorsien word van materiaal en gare. Grimbeekpark se susters word ook genader om te help. Indien daar susters wat bereid is om hiermee te help kan julle asb vir Engela kontak.

Komberse

Ons het 5 komberse wat slope (soos duvetslope) moet kry. Ons vra ook hier susters wat kan help stik.

Skakel asseblief vir Engela (0825567806)

VLAMVAT: SKOOLGAANDE JEUG

Binne ons kerk se Vlamvatstrategie verdien die skoolgaande jeug net so 'n belangrike plek soos al die ander bedieningsgroepe. Die skoolgaande jeug is op 'n belangrike fase in hulle geloofslewe waar ons as gemeente saam, hulle moet intrek, aktiveer en deel moet maak van ons totale geloofsbestaan as 'n gemeente. Die saak gaan nie halsoorkop aangepak word nie. Daar gaan ernstig gebid, besin, gedink, gepraat en geluister word - veral geluister word na ons skoolgaande jeug self - alvorens ons hier 'n strategie gaan formuleer en implimenteer.

Daar is reeds 'n kerngroep lidmate wat aangedui het dat hulle by hierdie bediening diensbaar wil wees, maar ons benodig nog broers en susters om saam met ons die pad te stap. Hiermee dus 'n oop uitnodiging aan alle lidmate wat graag ook hierby betrokke wil raak en bydraes en insette wil lewer. U is meer as welkom. Kontak gerus vir Chris de Bruyn by 082 855 7962

"VLAMVATSPAN VIR NA-SKOOLSE JONGMENSE"

As deel van ons kerk se Vlamvatstrategie moet ons weer besin oor die bediening van naskoolse jongmense. Hiervoor het ons ‘n span van 5 lede bymekaar getrek om ons in die proses te lei. Oor die volgende klompie maande gaan ons saam bid, luister, dink en ontdek waarheen die Here oppad is met ons kerk en haar jongmense. Ons wil dit afskop deur die bediening aan jongmense in GK Potch-Oos te evalueer. Ons wil graag leer by ander gelowiges en kerke. Ons wil saam ontdek hoe om jongmense in ons gemeente en gemeenskap op ‘n volhoubare, skrifgetroue, maar tog relevante manier te bedien.

Vir die volgende paar weke stel ons ons oë en ore in om vas te stel wat die goeie én die minder goeie aspekte van jongmens-bediening in ons gemeente is. Bid dat ons as gemeente eerlik sal besin hieroor en die geleenthede en die uitdagings sal raak sien. Wil u graag meer hieroor uitvind? Kontak gerus vir Hanno van Schaik 072 105 3961

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 5 Augustus

Sr Nadine v Niekerk	079 891 6158

Maandag, 6 Augustus

Br Jan-Harm Burger	
Br Johan Coetsee **(74)**	072 192 0446
Br Neels Coetzer	082 940 6040
Br Petri Schutte **(72)**	082 375 3331

Dinsdag, 7 Augustus

Br Willem de Jager **(83)**	072 124 7296
Br Herrie v Rooy	083 700 3933

Woensdag, 8 Augustus

Br Ben Steyn	082 900 5208
Br Jaco v Rooyen	072 317 8500

Donderdag, 9 Augustus

Br Gerrit J v Rensburg	082 376 4856
Sr Mari Steyn	082 850 1706

Vrydag, 10 Augustus

Br Michiel de Kock	082 857 8619
Jbr Stefnu Earle	
Sr Henda Joubert	082 466 3695
Jsr Vanessa v Rooyen	072 185 0829

Saterdag, 11 Augustus

Sr Lana Laufs	076 958 5752
Jbr Wynand Lubbe	
Br Willie van der Walt	083 797 5246

KENNISGEWINGBORD

- Basaar: NG Kerk Mooirivier
- "Breadtags for Wheelchairs"

ALGEMENE INLIGTING

- **WOW-HERWINNINGSPROJEK (WEN ONS WêRELD)**

Papier, plastiek, karton, glas, blikkies en polystyrene - *hoef nie gesorteer te wees nie, herwinningsitems moet wel in plastieksakke toegebind wees*. **ASB GEEN huisafval nie!** Die glas/blikkies/plastiek moet asb **uitgespoel** wees.

- **LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIG-HEID (DIAKONIE)**

ZAPPER
(Selfoon toepassing)
Hierdie QR simbool-kode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en **slegs bydraes vir Barmhartigheid** kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie

- **SOSIALE MEDIA VIR ONS GEMEENTE**

Webblad: www.oosdoppers.co.za
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Beeldmateriaal van preke kan hier gesien word:
http://ow.ly/ivfZ309vsdc.

KONTAKBESONDERHEDE: PREDIKANT, HULPDIENS & KANTOOR

Hulpdiens:
Ds. Pieter vd Walt: 082 851 3637 en prof. Herrie v Rooy: 083 700 3933
Skriba: Frans du Preez 082 834 2120
Kerkkantoor: Adele 018 290 7690
Kosterspaar: Johan 061 336 7255 en
Elsa 073 959 8051

SUSTERS IN DIE GELOOF
"Skuil Onder God se Vleuels"

TEESKINKGELEENTHEID

- *Baie dankie aan die groepsusters en hulle groepe se susters, broers en kinders wat met die skink en opwas help!*
- *Ons moedig susters en broers, selfs gesinne aan om met die skink en opwas te kom help – so leer ons mekaar en ons nuwe groepe beter ken!*

Tee word **vandag** deur die volgende groeplede en hul groepsusters bedien: Marlise Styger en groep 9, Hannelie Pieters en groep 19, Engela vd Walt en groep 38, asook Erika Rood en groep 40 se susters.

Volgende week skink Marna Naude en groep 10, Estelle v Hamburg en groep 18, Marian de Kock en groep 20, asook Elsie Buijs en groep 39 se susters, tee. *Baie dankie julle!*

BEDERFBOKSE

Ons vra dat die susters wat ‘n “bederfboks” by haar het, dit asb in die voorportaal van die kerk sal laat indien jy dit nog nie aan iemand anders kon oorhandig nie. Ons sal dit dan weer verder aanstuur. Baie dankie.

SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry asook die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in ’n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk neersit. Die geld word gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. ***Baie dankie vir julle getroue bydraes!***

KINDERFEES: 1-5 OKTOBER 2018 - hulp met kosvoorbereiding

Ons bied die jaar weer die Kinderfees aan om aan ons gemeenskap se kinders die geleentheid te gee om die Here te leer ken. Ons benodig hulp met voorbereiding van die kos vir die kinders vir die week. Skryf asb jou naam op die lys in die voorportaal van die Skuur indien jy bereid is om hiermee te help.

Aandag dames!

14 Augustus 2018- 18:30

*Heerlike saamkuier saam met Odelia en Claudene Venter oor die pad van genesing na kanker!
Hoe wil die Here my gebruik om ander wat in dieselfde beproewing is te ondersteun? Ons beleef ook die gawes van een of twee vroue.*
Kom kuier lekker saam en laat ons die Here loof!

KWARTAALPROGRAM

DERDE KWARTAAL				
DATUM	**DAG**	**TYD**	**WIE**	**WAT**
Jul-Aug	**-**	**-**	**Almal**	**Cansaprojek**
14-Aug	Dinsdag	18:30	Blok D	Sustersamekoms
09-Sep	Sondag	19:00	Blok C	Ouderlingverversings
16-Sep	Sondag	12:00	Blok A	Nagmaalete

OOSDOPPERTJIES

Jes. 43:1b "Ek het jou op jou naam geroep, jy is myne."

HOËRSKOOLJEUG

Hoërskooljeug word uitgenooi deur die jeug van NG Grimbeekpark om Sondaemiddae saam Frisbee te speel.
Dit is 15:00 elke Sondag by hul kerk op die gras. Dogters en seuns is welkom.
Julle kan net gaan

JY MOET GOD DOELBEWUS LIEFHê

Josua 23:11 "Konsentreer daarop om die Here julle God lief te hê"

As jy daarvan hou om rekenaarspeletjies te speel, probeer jy seker so gereeld speel as wat jy kan. Jy loop nie net verby die rekenaar en kyk so een keer elke tweede maand in die rigting daarvan nie. Dieselfde is waar van God. Jy moet nie net nou en dan aan God dink nie, Hy behoort elke dag deel van jou lewe te wees. Maak seker dat jy God doelbewus liefhet. Dit beteken dat jy nie lui raak en vergeet om Hom elke dag lief te hê nie. 'n Paar maniere hoe jy kan wys datjy God liefhet, is deur sy Woord te lees, te bid en met Hom te praat. Jy kan ook ander mense help net soos Jesus ander gehelp het.

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

HUIZEMARK
EIENDOMSAGENTSKAP

ONS HET VOORDUREND POSTE BESKIKBAAR VIR AGENTE EN BEMARKERS

ONS DOEN :
Verkope & Verhurings
* Huise, * Woonstelle,
* Meenthuise,
* Besigheidspersele,
* Plase, * Plotte

huizemark you're home

VIR ALLE EIENDOMSBEHOEFTES SKAKEL
Rolene vd Walt
082 859 6209
Linda Nolte
082 785 3951